Hello Swellie Swembadlede,

Die nuwe swem seisoen begin die 1ste Oktober 2017. Hierby aangeheg is die nuwe lidmaatskap aansoek.
Alle nuwe lede sal eers vanaf 01/10/2017 geregistreer word.

Prosedure van die Lidmaatskap:

- As u reeds die lidmaatskap aansoek ontvang het, vul dit asseblief volledig in en betaal die ledegeld kontant of EFT. Indien u dit EFT betaal heg asseblief u bewys van betaling aan u aansoek.

  Verwysings vir EFT betaling: SWEM & Naam/Van

- Sodra die betaling gemaak word moet u die registrasievorms na die skool se finansiële kantoor bring, **die betaling moet asseblief ook die R100 selfoon registrasie insluit!**

  Die oorspronklike dokument moet asseblief ingegee word, en nie per e-pos gestuur word nie. Dit kan die proses dalk vertraag.

- U gaan dan 'n lidmaatskapnommer ontvang wat u kan gebruik om deur te gee na swem-instrukteurs of die bestuur kan die lidmaatskapkaart vra as u by die swembad is.

- U selfoon word daarna ge-aktiveer op die netwerk om die hek te kan oopmaak. Dit kan enige tyd van 24 – 48 uur neem. (So maak seker u registreer vir u lidmaadskap vroegtydig.)

U kan die finansiële kantoor besoek vir registrasie Maandag tot Vrydag (8:00 – 14:00)